

Regte geloof werk, geloof werk regtig

Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?

(Jakobus 2:21-24)

Vir Martin Luther was dit die ontdekking van sy lewe! Wat 'n verligting: deur geloof alleen en nie deur prestasie, deur jou werke nie. Dit was die begin van die groot Reformasie in die 16e eeu. Dit is ook waarom Luther groot moeite met die verse van Jakobus hierbo gehad het.

Wie moet mens glo, Paulus of Jakobus? Paulus sê jy kan jouself nie red nie, al probeer jy hoe hard. Jy word alleen gered deur geloof in die groot werk van Christus, wat jou eie werke heeltemal uitsluit (Romeine 3:21vv.). Op geen manier hoegenaamd kan jy jou redding self bewerk nie. *Deur geloof alleen!*



Jakobus: ...sê weer? Geloof alleen? Geloof is nie moontlik sonder werke nie. Wat jy doen is inderwaarheid baie belangrik. Jy word ook deur jou werke gered, nie net jou geloof nie. *Geloof alleen is nie genoeg nie.*

Met hart en siel

Hou in gedagte dat Jakobus heel waarskynlik die oudste brief in die Nuwe Testament is. Hy reageer nie op wat Paulus gesê het nie, hy het Paulus voorafgegaan. Maar let op die punt wat Jakobus hier wil maak. Hy praat met mense wat gedink het dat geloof op sigself heeltemal voldoende is. So lank jy glo... is die res nie so belangrik nie. Mense maak daarop aanspraak dat hulle glo, maar dit lei tot niks. Mens sien dit nie in die daaglikse lewe nie. Is dit moontlik?

Jakobus doen 'n *geloofstoets* met naasteliefde. 'n Broer of suster het groot tekort aan daaglikse noodsaaklikhede. En een van julle wat julleself Christene noem, steek 'n vroom toespraak af, maar wanneer dit daarop aankom, doen jy niks. Jy roep uit: "*Gaan heen in vrede, word warm, word versadig...*" (Jakobus 2:16). Dan is jou geloof nie veel werd nie, is wat Jakobus sê. Geloof bestaan nie op sy eie nie. Dit is nie lewende geloof nie. Geloof vereis 'n siel, lewenskrag, anders is dit so dood soos 'n mossie. Ware geloof raak jou hart en siel. Dit verskil nie van wat Paulus sê nie: Wat tel, is "*geloof wat deur die liefde werk*" (Galasiërs 5:6).


Werk saam met God

Glo jy dat God een is? Die Here ons God is een. Dit is die geloofsformulier van Israel (Deuteronomium 6:4). YHWH alleen is God, die enigste ware God, en geen ander nie. Dit is 'n sterk standpunt! Wat kan daarmee verkeerd wees? Kan jy nie daarop

Geloof bestaan nie op sy eie nie. ...
Geloof vereis 'n siel, lewenskrag, anders is dit so dood soos 'n mossie. Ware geloof raak jou hart en siel.

aanspraak maak dat alles wel is as jy dit glo nie? Hierdie formule is selfs gebruik as 'n beswering om bose geeste uit te dryf.

Ewewel, om te glo dat God die Een en Enigste is, is opsigself niks nie. Die duiwels doen dit ook. Hulle waag dit nie om dit te ontken nie. Hulle glo dit, en hulle sidder. Klaarblyklik glo hulle uit vrees.



Maar hy wat glo dat God bestaan, glo nie noodwendig in Hom nie. Ware geloof wil saam met God werk, soek vrede met God. Die formulier “die HERE onse God is 'n enige HERE” word daarom gevolg met die oproep: “Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag” (Deuteronomium 6:4,5).

Jakobus verwys sekerlik nie na prestasies waarmee jy jou redding van God kan verdien nie. Hy praat nie van die *werke van die wet* - presteer en verdien punte by God, nie. Jakobus verwys na die werke van geloof: die resultaat van 'n lewende geloof in God. Presies dieselfde uitdrukking word deur Paulus in 1 Tessalonisense 1:3 gebruik: “... die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus”.

'n Deurleefde geloof

In hierdie verband kom die vader van al die gelowiges, Abraham, in die prentjie. Jakobus én Paulus wys terug na Abraham om te ontdek wat geloof beteken. Jakobus maak van die begin af 'n onderskeid. Abraham is 'n *vriend van God*, wat nie net 'n rasionele verhouding impliseer (om te weet dat God bestaan) nie, maar 'n *deurleefde verhouding* (van omgang) met God.

Kyk eenvoudig na wat geloof werklik in die lewe van Abraham meegebring het. Jakobus wys nie vir ons 'n lukrake grepie nie, hy ondersoek die lewe van Abraham as geheel. Sy hele lewe lank moes Abraham hom oefen daarin om weg van homself te kyk na wat God beloop het. Dit was nie net 'n verstandelike inneem van wat God sê nie. Sy geloof was 'n deurleefde werklikheid. Dit het sy hele persoon betrek, sy hele huishouding en al sy besittings – met al die probleme, twyfel, worsteling en versoeking wat daarmee saamgaan. 'n Werkende geloof. Lewensgetrou. Werklik.

Ware geloof
wil saam met
God werk,
soek vrede
met God.

Dink net aan wat van Abraham gevra is. Offer jou seun, jou eie bloed. Hy sou sy hele toekoms verloor, alles moes laat gaan. Heeltemal onbegryplik; behalwe deur vas te hou aan die belofte van God dat sy seun 'n toekoms het, selfs deur die dood heen! By Abraham het geloof en werke hand aan hand gegaan. Sy werke en sy geloof was *een*. Abraham se geloof is vervolmaak deur sy werke. Deur te gehoorsaam, teen sy rede en gevoelens in, word ware geloof openbaar. Die gevolg was dat sy geloof gedy het. Dit het geblom. Nou word dit stadigaan duidelik hoeveel Abraham op God vertrou het. Abraham se lewe en sy geloof is só vervleg dat mens dit nie van mekaar kan skei nie.



Abc en Xyz

Dit kan lyk asof Jakobus vir Paulus teëspreek wanneer hy sê: “Sien julle dan nou dat die mens *geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?* (Jakobus 2:24). Maar by Jakobus gaan dit nie oor 'n Abraham wat – op welke wyse ook al – sy posisie as vriend van God verdien het nie. Sy bedoeling was eerder om duidelik te maak hoe lewend die geloof van Abraham was. Daarom neem hy nie, soos Paulus, as vertrekpunt Genesis 15, waar 'n seun vir die eerste keer aan hom beloop is nie. Dit is die *abc* van die geloof. Abraham het geglo en dit is vir hom tot geregtigheid, die regte verhouding tot God, gereken. Maar Jakobus vertel die storie verder, selfs tot by Genesis 22, waar Abraham vir Isak moes offer!


Paulus praat van die abc van geloof. Jy kan net gered word deur geloof in Christus, en dit kom nie deur jou eie werke nie. Jy kan vrede met God nie met jou werke verdien nie. Jakobus sou dit

**Ware geloof is nooit passief nie:
dit is altyd aan die beweeg.**

sekerlik nie ontken nie. Maar hy kom uit 'n ander hoek. Jakobus praat van die xyz van geloof. Om te glo is nie net 'n verstandelike bevestiging van bepaalde waarhede nie. Geloof raak jou hele wese.

Jakobus staan nie teenoor Paulus nie, maar langs hom. Abraham is nie geregverdig omdat hy groot prestasies behaal het nie – wie só sou dink, wys dat hy nie die lewe van Abraham, met sy swak oomblikke, wantroue en selfs groot leuens, ken nie. Abraham is geregverdig omdat hy in God geglo het (Genesis 15), en homself aan Hom toevertrou het (*abc*). Jakobus val letterlik terug hierop. Abraham het God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken (Jakobus 2:23). Deur geloof alleen: dit is glad nie dieselfde as met geloof alleen nie.

Deur geloof alleen, 'n lewende en werkende geloof. Ware geloof is nooit passief nie: dit is altyd aan die beweeg. Dié geloof het geblyk uit Abraham se optrede (*xyz*). Wat dit meegebring (gewerk) het, was die bewys hoe werklik sy geloof was. Nie sonder versoekings nie, nie perfek nie, maar werklik. Om die rede word hy regtens vriend van God genoem. Vanweë sy intieme, diep persoonlike verbintenis.



Egbert Brink

© 2017
www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.